

DIE EERSTE BOTSING TUSSEN BLANK EN INBOORLING IN DIE REPUBLIEK VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

Met die totstandkoming van die Oranje-Vrystaat op 23 Februarie 1854 was die jong en swak republiek feitlik deur inboorlingstamme omring. Op sy oosgrens was die magtige Basoeto; aan die westekant is die O.V.S. deur die Griekwas begrens, terwyl verskeie kleinere stamme verspreid in die ooste, suide en noordweste woonagtig was. Die noue geografiese verbondenheid tussen blank en inboorling het meegebring dat die twee groepe voortdurend met mekaar in aanraking gekom het. Heel gou het allerlei probleme met betrekking tot grondbesit, grensbepalings, weiveld, veediefstal en plakkery opgeduik wat die verhouding tussen die twee groepe vertroebel het. In enkele gevalle het dit tot botsing aanleiding gegee.

Die inboorlingstam teen wie die Vrystaat die eerste die wapens opgeneem het, was die klein Bakhelokwestam onder leiding van hul opperhoof Witsie.¹ Vroeër was hulle noord van die oorsprong van die Vaalrivier woonagtig, maar Moselekatse het hulle vandaar verdryf. 'n Gedeelte van die stam onder aanvoering van Witsie het na Dingaan gevlug om beskerming te soek. Hulle was nog in Dingaan se sorg toe Retief en sy mede-Trekkers in 1838 by die hoofstat om die lewe gebring is. Volgens oorlewering sou Witsie 'n aandeel in dié moord gehad het.²

Nadat Dingaan se mag deur die Trekkers verbreek is, het Witsie na die Vrystaat gevlug en hom in die omgewing van Harrismith, in 'n gebied wat toe bekend geword het as Witsieshoek, gevestig. Op daardie stadium het hy slegs 'n handjievul volgelinge gehad. Aan die blanke boere van die omgewing het hy hom diensbaar gemaak; Witsie het gesorg dat sy onderdane hulle vreedzaam gedra en die blankes het gevolglik geen beswaar teen hulle vestiging in dié gebied gemaak nie.³ Witsie se volgelinge het met verloop van tyd begin toeneem. Dit was veral na die proklamering van die Oranjerivier-Soewereiniteit in 1848 dat die oorblyfsels van sy stam uit alle oorde na sy woonplek begin stroom het. Aangevul deur Zoeloe-vlugtelinge uit Natal het daar spoedig meer as 2,000 inboorlinge Witsieshoek bewoon.⁴ Dié nie-blankes het toe begin om die aangrensende blanke plase te beset en veediefstal het in so 'n mate toegeneem dat die blanke boere genoodsaak was om by die Britse resident, maj. Warden, te gaan kla. Warden het hom aangesê om Witsieshoek te verlaat, maar nieteenstaande sy belofte om pad te gee sodra hulle ooste ingesamel is, het hy nooit vertrek nie.⁵ Warden het ook niks gedoen om sy dreigement tot uitvoering te bring nie. Vanaf 1854 was die Vrystaatse regering met die probleem opgesaai.

1. Dié naam kom in verskeie vorme voor, o.a. Witsie (algemeen), Wetse en Wietze.

2. *G.S. 1156*: Rapport van J. M. Orpen — J. P. Hoffman, 13.6.1854, p. 1.

3. *Ibid.*, pp. 1-2.

4. *Ibid.*, pp. 2-3.

5. *Ibid.*, p. 3.

Reeds tydens die eerste Volksraadsitting in April 1854 het die optrede van Witsie en sy onderdane ter sprake gekom. P. M. Bester, raadslid vir die wyk Wittebergen, distrik Harrismith, het namens sy kiesers kompensasie geëis vir die vee wat deur Witsie se volk gesteel is. Hy het die Volksraad ook ingelig oor hoe die inboorlinge besig was om die plase van die blanke boere geleidelik te beset.⁶

Die Volksraad wou die vraagstuk aanvanklik nie self aanpak nie, maar het besluit om dit na sir George Clerk te verwys. Hulle was van mening dat die verantwoordelikheid vir kompensasie nog by Brittanje berus het.⁷ Brittanje het hom egter losgewikkel uit die probleme noord van die Oranjerivier en was nie bereid om enigiets daarmee te doene te hê nie. En toe toestande vinnig versleg en die boere met gewapende optrede teen Witsie gedreig het, was pres. Hoffman verplig om iets daarentrent te doen.

Hoffman het die vraagstuk versigtig aangepak en verkies om deur onderhandeling met die inboorlinge tot 'n oplossing te kom. Geweld was vir hom op dié stadium ongewens. Gevolglik het hy landdros J. M. Orpen van Winburg versoek om die Witsie-aangeleentheid met Mosjesj te gaan bespreek en dan aan hom verslag te doen.⁸

Dit lyk enigsins vreemd dat Hoffman eers die Basoeto-hoofman se mening oor die saak wou inwin, in plaas van direk met Witsie te onderhandel. Die President het Mosjesj egter goed geken en geweet dat laasgenoemde sy invloed kon gebruik om Witsie tot ander insigte te bring. Andersyds moes hy versigtig optree, want Witsieshoek en Basoetoland was aangrensende gebiede en onbeplande aggressie teen Witsie kon die Basoeto in beroering bring. Dit kon die Vrystaat nie bekostig nie. Hoffman het in dié delikate aangeleentheid oordeelkundig en diplomaties opgetree.

Mosjesj het ook op dié sending gereageer in die gees wat Hoffman ver wag het. Hy het aanbeveel dat die President 'n afgevaardigde na Witsie stuur om saam met een van sy invloedryke kapteins te probeer om die saak vreedsaam te skik.⁹

Orpen was pas terug in Bloemfontein toe die eerste skermutselinge in die Harrismith-distrik voorgekom het. Gevolglik het Hoffman hom versoek om sonder versuim via Thaba Bosigo na Witsie te gaan. Mosjesj het ingewillig om persoonlik met Witsie te gaan onderhandel en hy en Orpen het afgespreek om Witsie op 'n bepaalde dag te ontmoet. Verskeie Basoetokapteins sou Mosjesj vergesel en Orpen het enkele landdroste versoek om ook teenwoordig te wees om die gesteelde vee terug te eis.¹⁰ Die byeenkoms het egter nie op die bestemde tyd plaasgevind nie, want uit vrees vir die Basoeto, het nie een van die blankes opgedaag

6. Orpen, J. M.: *Reminiscences of life in South Africa*, p. 208.

7. *G.S. 1509*: Hoffman — Clerk, 14.4.1854, p. 88. Vgl. ook *S.A. Argiefstukke, O.V.S. I*: Volksraadsnotule, 13.4.1854, p. 55.

8. *G.S. 1156*: Rapport van Orpen . . . , p. 4.

9. *Ibid.*

10. *Ibid.*

nie. Orpen moes hulle gaan soek en by sy terugkeer moes hy verneem dat Mosjesj en sy mense as gevolg van 'n gebrek aan voedsel reeds vertrek het.¹¹

Deur die ywer van landdros Orpen het die byeenkoms met Witsie kort daarna wel plaasgevind. Die blankes se klagtes is pertinent aan hom gestel: die besetting van blanke plase en een geval waar 'n boer selfs uit sy huis verdryf is, onophoudelike diefstal van vee; die verskuiling van rowers uit Natal en verskeie ander klagtes wat nog uit die tyd voor 1854 dateer. Orpen het Witsie duidelik laat verstaan dat die Vrystaatse regering dergelyke dade nie ongestraf sou laat nie.¹²

Met die hulp van Mosjesj is daar toe ooreengekom dat Orpen met al die betrokke blanke boere na Witsie se kraal sou gaan om die gesteelde vee uit te soek. Orpen kon die hoofman ook na goeddunke 'n boete oplê.¹³

Witsie was egter nie van plan om saam te werk nie. Op 1 Junie 1854 was die boere by sy kraal, maar van die 910 gesteelde beeste en 92 perde, is slegs enkeles uitgelewer. Die ander vee was glo nog in die weilande. Die boere was bitter ontevrede en is daar weg met die vaste voorneme om Witsie met die wapens te straf.¹⁴

Pres. Hoffman, wat steeds 'n vreedsame skikking van die aangeleentheid verkies het, was deur dié houding van die boere in 'n moeilike situasie geplaas. Gevolglik het hy besluit om hom persoonlik met die heersende toestande te vergewis. Sy besoek aan die Witteberge het sy oë laat oopgaan en vir hom geen ander keuse as strafmaatreëls teen Witsie gelaat nie. „I am sorry to say”, skryf hy aan C. C. Pine van Natal, „that those complaints are founded on facts, that leaves no other way open for me but to chastise Wietze and give him such a lesson with others of the native tribes that they will remember for the future”.¹⁵

Met Mosjesj moes hy egter rekening hou en in Augustus 1854 het Hoffman Thaba Bosigo besoek. Mosjesj het hom verseker dat Witsie geheel en al onafhanklik van hom was en geen ondersteuning of skuilplek van hom sou ontvang nie. Hy was egter ten gunste van nog 'n poging tot vreedsame beslegting van die geskil. Hoffman was nie daartoe geneë nie, want Witsie het syns insiens kans genoeg gehad om te vergoed vir sy wandade. Op aandrang van die Basoeto-hoofman is ooreengekom dat Mosjesj die kwaaddoener weer sou besoek en tot beter insigte sou probeer oorhaal. Hy sou aan Hoffman rapporteer en die President moes dan na gelang van omstandighede optree.¹⁶ Vroeg in September het Mosjesj aan Orpen laat weet dat hy op die punt gestaan het om na Witsie

11. Vgl. Orpen, J.M., *op. cit.*, pp. 214-218.

12. *G.S. 1156*: Rapport van Orpen . . . , pp. 10-11 en 19.

13. *Ibid.*, pp. 11-13.

14. *Ibid.*, pp. 16-17.

15. *G.S. 1510*: Hoffman — Pine, 21.7.1854, no. 13. Omdat van die Natalse boere ook onder Witsie se diefstalle gely het, het Pine die optrede heelhartig gesteun.

16. *S.A. Argiefstukke, O.V.S. I*, Bylaag 2 van 1855: Notule van vergadering te Thaba Bosigo, 16.8.1854, pp. 328-329.

te vertrek en hy het weer eens gepleit dat die Vrystaat geduld moet beoefen en Witsie baie tyd gee.

Meer as 'n jaar sou egter verloop voordat die Witsie-aangeleentheid afgehandel is. Of Mosjesj wel 'n besoek aan Witsie gebring het, is onseker. Geen rapport daarvan is aan Hoffman gestuur nie. Hoffman moes vroeg in 1855 ook bedank en van sy vasberadenheid om Witsie te straf het gevolglik niks gekom nie.

Sy opvolger, J. N. Boshof, het egter die erns van die situasie beseef en tydens die volksraadsitting van Februarie 1856 onmiddellike en kragdadige stappe teen die boosdoener en sy mense aanbeveel. Hy het die Volksraad se aandag daarop gevestig dat tot op datum geen skadevergoeding betaal is nie en die toenemende indringing op die boere se plase „vordert dat men niet langer uitstelde om krachdadige maatregelen te nemen, en het is noodig dat UHEd. bij deze gelegenheid dit punt in overweging neme, want hoezeer ook zulke maatregelen uit te voeren met groote onkosten voor het land, en vele opofferingen zullen gepaard gaan, of wel andere gevolgen kunnen hebben die niet te voorzien zijn, komt het mij echter voor, dat het niet raadzaam is de verdraagzaamheid en het geduld door de burgers van die Wittebergen zoo lang en op zulk eene loffelijke wijze beoefend, langer op de proef te stellen”.¹⁷

Op 25 Februarie 1856 het die Volksraad besluit dat Witsie in April aangeval sou word.

Teen die einde van April was die voorlopige voorbereidings afgehandel en op 5 Mei 1856 het die Krygsraad, onder voorsitterskap van pres. J. N. Boshof self, aan die Sandrivier vergader.¹⁸ Boshof se teenwoordigheid was duidelik spurbaar in die grondige voorbereidings wat getref is. 'n Kommandant-generaal is aangewys as hoof van die kommando. Die amp het op die skouers van L. R. Botha geval. Kommandante vir die kleinere kommando's uit elk van die distrikte is aangewys en saam met die veldkornette, sou hulle 'n Krygsraad vorm waarvan die Kmdt.-genl. voorsitter sou wees. Op Boshof se aandrang, is uit die geleedere van die Krygsraad 'n Uitvoerende Raad verkies om die Kmdt.-genl. met advies by te staan. Verder het hulle strategie en die verdeling van die gebuite vee bespreek, asook wat hulle te doen sou staan indien Witsie Basoetoland binne sou vlug. Boshof het hulle gemaan om nie onnodiglik inbreuk op Mosjesj se gebied te maak nie.¹⁹

Op 6 Mei het die Vrystaatse leërmag vanaf die Sandrivier in beweging gekom. Die volgende dag het verdere versterkings aangesluit om die totaal te staan te bring op ongeveer 'n 550 weerbare blanke mans (offisiere ingesluit) en 145 nie-blankes, o.a. Mota die broer van Sikonjella.²⁰ Een van die veldkornette het Witsie se seun, wat hom op eie houtjie kom

17. *S.A. Argiefstukke, O.V.S. II: Volksraadsnotule, 4.2.1856, p. 4.*

18. *G.S. 1156: Krygsraadsnotule, 5.5.1856, pp. 23-27.* Sien ook die beskrywings van dié botsing in Collins, W. W., *Free Statia*, pp. 85-86 en Theal, G. M., *History of South Africa, VII*, pp. 461-462.

19. *G.S. 1156: Krygsraadsnotule, 5.5.1856, pp. 23-27.*

20. *Ibid.* Sien ook *The Friend*, 17.5.1856, Gouvernements Kennisgeving en *G.S. 1156*, pp. 55-59.

oorgee het, voor die Krygsraad gebring en by ondervraging was dit duidelik dat Witsie ten volle op hoogte van die strafekspedisie was.

Teen die middag van die 8ste was die Vrystaatse magte reeds naby Witsie se gebied en een van sy patrollies — goed gewapen en besig om krygsliedere te sing — het al die gevoel van 'n naderende botsing gegee.²¹ Die aand egter het Witsie 'n boodskapper gestuur om vrede te maak, want hy was nou bereid om skadevergoeding te betaal. Toe die Vrystaatse eis egter aan hom gestel is,²² het die boodskapper dadelik geweier om daaraan toe te gee en bygevoeg dat Witsie nie gesteel het nie. Kmdt.-genl. Botha het besef dat die inboorlinge besig was om tyd te wen en Witsie se afgesant met die boodskap teruggestuur: „Dat wij gekomen waren om Witsie te straffen, zoo hard als wij konden, en niet met hem te spreken, want wij hebben al lang genoeg met hem mooi gepraat, en de tijd was nu voorby; dat onze voornemens waren alle zijne vee en ander eigendom aftenemen, hem uitteroeyen, en geheel van de waters van Namagari (Elands River) te verdrijven”.²³

In dié gees is die krygsverrigtinge op die 10de Mei aangepak. Die eerste skermutseling met Witsie se mense het reeds op dié dag in byna onbegaanbare bergwêreld plaasgevind. Die Vrystaatse kommando het deur vinnige optrede voorkom dat Leklatsa, een van Witsie se kapteins, sy vee oor die grens van Basoetoland jaag. Leklatsa is verslaan en meer as 50 van sy volk het gesneuwel, terwyl 1,874 beeste, 80 perde en 390 skape gebuit is. Aan Vrystaat kant is slegs 'n perd lig gekwes, niteenstaande hewige geweervuur deur die goedgewapende inboorlinge nie.²⁴

Vanaf 12 to 20 Mei het Botha nou sy magte teen Witsie gerig. Die geslepe hoofman het die blankes byna om die bos gelei deur met tussenposes klein groepies vee te stuur onder voorwendsel dat hy met 'n groot aantal beeste op pad was om vroeg die oggend van die 14de met hulle oor vrede te onderhandel. Op die bestemde dag het hy nie opgedaag nie, maar weer eens het boodskappers met vee tyding gebring dat Witsie besig was om al sy vee bymekaar te maak en dié middag by sy kraal aan hulle sou uitlewer.²⁵ Die kommando het by sy kraal afgesaal, maar tevergeefs gewag. Dit was weer eens taktiek om tyd te wen, en toe verkenners van die Vrystaatse mag vasstel dat Witsie inderhaas besig was om sy vee na Basoetoland aan te jaag, is die agtervolgning met mening voortgesit. Die kommando is in twee verdeel en Witsieshoek, al aan die hange van die Drakensberge, die klowe en tot bo-op die berg is gefynkam. Witsie se volk is verstrooi en het in klein klompies die aanslae van die patrollies probeer ontwyk. Volgens die rapport van kmdt.-genl. Botha, sou die voortvluggende groepe nie gou weer hul mag kon konsolideer nie. Die Vrystaters se taak was egter nog nie afgehandel nie, want Witsieshoek moes geheel en al van die vyand gesuiwer word.

21. *Ibid.*

22. Die O.V.S. het 1,700 beeste en 300 perde geëis.

23. *G.S. 1156*: Rapport van kmdt.-genl. L. R. Botha, 12.5.1856, pp. 55-59.

24. *Ibid.*

25. *G.S. 1156*: Rapport van kmdt.-genl. L. R. Botha, 17.5.1856, pp. 65-78.

Dit sou nog 'n tyd lank duur.²⁶ Teen 20 Mei was dit duidelik dat weinig onmiddellike weerstand van Witsie se mense verwag kon word. Volgens berigte het 'n patrollie onder leiding van veldkornet J. D. Hatting 'n kaptein gedood — vermoedelik Witsie se seun Lipatsoana. Daarby is etlike duisende stuks vee gebuit wat meer as voldoende was om die boere vir hulle skade te vergoed.²⁷ Die Vrystaat se taak is ook aansienlik vergemaklik deurdat Mosjesj niks gedoen het om Witsie te beskerm nie. Molapo, een van die vername Basoetokapteins, het inderdaad die keur van Witsie se vee uit sy gebied verjaag, nadat dit deur Witsie vir veiligheid daarheen gestuur is.²⁸

Onder dié omstandighede was kmdt.-genl. Botha van mening dat hulle taak afgehandel was. Daarom het hy die finale opruimingswerk in die hande van die waarnemende veldkornet van die Wittebergen-wyk gelaat en besluit om die gebuite vee te verdeel.²⁹

Op 23 Mei is die vee verdeel, en op dieselfde dag is die kommando op ongeordende wyse sonder goedkeuring of bevel van Botha uiteen. Die Kmdt.-genl. berig in die verband: „De laager is heden opgebroken, buiten mijn order, en uit malkander gegaan tusschen en voor het deelen van den buit. Commandant Linde was de eerste om te trekken tegen mijne orders. — Ik heb mijn uiterste gedaan om order te houden, maar de menschen hebben geen gehoor gegeven”.³⁰

Die gebeure het paniek en ontevredenheid onder die inwoners van Witsieshoek-omgewing meegebring. 'n Memorie, onderteken deur veldkornet J. D. Hatting en 35 boere, is inderhaas aan pres. Boshof gestuur waarin op die gevaar van die onvoltooide oorlog gewys is, want enkele van die mees geslepe diewe soos Jan Kaptein en Letsela was nog op vrye voet. Skerp kritiek is teen kmdt.-genl. Botha se hantering van sake uitgespreek deur dié mense wat almal deelgeneem het aan die gevegte teen die inboorlinge. Boshof is dringend versoek om hulle te hulp te kom, omdat die optrede van die kommando hulle aan groot gevare blootgestel het.³¹

Pres. Boshof was onthuts. Hy het persoonlik soveel aandag aan die voorbereiding van die veldtog gegee en nou het dit in ongeordenheid geëindig. Gevolglik het hy landdros Orpen — een van die weinige offisiere wat teen die opbreek van die kommando was — om 'n dringende rapport oor die aangeleentheid versoek.

Orpen se rapport het verskeie dinge aan die lig gebring. Volgens hom was die burgers reeds na enkele dae van mening dat hulle genoeg verrig het. Aanleiding daartoe is gegee deur die optrede van die Kommandant-generaal deurdat hy die krygsverrigtinge op 20 Mei gestaak en

26. *Ibid.*

27. *Ibid.* Die totale getal gebuite vee op dié stadium was ongeveer 4,160 beeste, 1,600 skape en bokke en 300 perde.

28. *G.S. 1156*: Molapo — Orpen, 15.5.1856, pp. 61-63.

29. *G.S. 1156*: Rapport van Orpen i.s. opbreek van die kommando, 29.5.1856, pp. 85-89.

30. *G.S. 1156*: Rapport van kmdt.-genl. L. R. Botha, 23.5.1856, pp. 69-73.

31. Sien *G.S. 1156*, pp. 75-78 vir dié memorie.

die gebuite vee enkele dae later laat verdeel hét. Daarna wou die meeste burgers huis toe gaan en wou van verdere optrede teen die oorblyfsels van Witsie se stam, niks weet nie. Voordat die Krygsraad tot 'n finale besluit oor hul verdere optrede kon kom, het die eerste groepe reeds hul waens ingespan en padgegee. Kmdt.-genl. Botha het nie 'n vinger ver-roer om hulle te keer nie.

Die res van die rapport skilder nie 'n rooskleurige prentjie van militêre dissipline en streng beheer oor die burgers nie. „Verder kan ik alleen zeggen,” rapporteer Orpen aan Boshof, „dat een gebrek van bestier en tucht van den eersten dag de leger disorganiseerde, en de geduld der manschappen en kracht hunner paarden werd verkwist in ongeregelde ondernemingen — dikmaals van weinig of geen nut — ieder een handelende naar zyn goedenking tot dat het naderhand onmogelyk was de onge-regelde massa te bestieren of bymalkander te houden”.³²

Ten slotte het Orpen ten sterkste aanbeveel dat die opruimingswerk teen Witsie afgehandel moes word. Dit kon, volgens hom, maklik deur 'n mag van 100 tot 150 man binne enkele weke gedoen word.

Pres. Boshof het die gevaar van die situasie in Witsieshoek beseef en Orpen volmag gegee om die nodige maatreëls te tref om die veldtog teen Witsie af te handel. Dit het Orpen graag gedoen, want vir dié inboorlinghoofman het hy geen agting gehad nie. „I wish to see him so utterly ruined that he may not for some time be able to collect his people together but that he must ask his food from you or us,” het hy aan Mosjesj geskryf en vervolg: „I have no confidence in that cowardly drunkard and know that if he is able to collect a kraal now — he will be a second Jan Letelle on our border”.³³

Vanaf 13 tot 21 Junie het Orpen en sy kommando Witsie en sy mense — wat intussen weer na hulle ou krale teruggekeer het — genadeloos agtervolg. Die wat hulle verset het, is doodgeskiet; duisende stuks vee is gebuit en feitlik die hele Hoek is afgebrand. Oor hulle deeglike strafmaatreëls berig Orpen o.a. soos volg: „Wij hebben gedurende onze operatien overal de veld, huisen, landen — alles behalwe de klippen, grond en revieren in brand gestoken — en de geheele Hoek is nu bykans eene zwarte brand”.³⁴ Witsie self het net-net daarin geslaag om die kommando te ontglip en het in Basoetoland by Molapo skuiling gaan seek. Talle inboorlinge het hulle vrywillig oorgegee en Orpen het gereël dat hulle in diens van blanke boere kon tree.

Orpen en sy kommando het hulle werk deeglik gedoen. Daar was geen herhaling van die ongedisiplineerdheid en gebrek aan leiding wat die eerste kommando se optrede gekenmerk het nie. Landdroos Orpen het die hele onderneming deeglik beplan en uitgevoer en hy het self die optrede van die offisiere en manskappe hoog aangeprys. Geen enkele burger is tydens die veldtog gedood nie.³⁵

32. G.S. 1156: Rapport van Orpen . . . , pp. 85-89.

33. G.S. 1156: Orpen — Mosjesj, 24.6.1856, pp. 121-123.

34. G.S. 1156: Rapport van Orpen, 21.6.1856, pp. 111-119.

35. *Ibid.* Vgl. ook *The Friend*, 2.8.1856: Gouvernements Kennisgeving.

Daardeur het die Vrystaat ook in sy doel geslaag, nl. om Witsie te straf vir sy onophoudelike veediefstalle en astrante optrede en dit vir die blanke boere moontlik gemaak om ongemolesteerd en in veiligheid, hulle plase te bewoon. Dié inboorlinge moes deur wapengeweld geleer word om die regte en eiendom van die blankes te respekteer. Na afloop van die veldtog het die Bakhlokwe as stam in die O.V.S. opgehou om te bestaan.

In alle opsigte was die oorlog egter nie geslaagd nie. Die boere is wel vir hulle veeverliese vergoed, maar die staat kon nie eers die helfte van die oorlogskoste uit hulle aandeel van die gebuite vee delg nie. Daarvoor was 'n groot vrekte onder die vee as gevolg van siekte en koue en ook lae pryse toe die vee opgeveil is, verantwoordelik.³⁶ Vir die finansiële swak Vrystaat, was dit 'n terugslag.

Dit botsing tussen die Vrystaat en Witsie moet nie as 'n geïsoleerde geval beskou word nie. Dit vorm deel van 'n groter patroon van blank-nie-blank-verhoudinge in die O.V.S. Vir die eerste vyftien jaar van sy bestaan sou die Vrystaat in grensvraagstukke met die omliggende inboorlingstamme gewikkel wees. Die botsing met Witsie was slegs die eerste in 'n reeks in 'n poging om die Vrystaat vir die blankes bewoonbaar te maak. In dié geval, was die inboorlingstam klein en swak en kon die Vrystaat relatief maklik teen hulle optree. Vir die Volksraad en Staatspresident was dit nie moeilik om 'n dreigende toon teenoor Witsie aan te slaan of om te besluit om die wapens op te neem nie. Teenoor die Griekwas en veral die Basoeto, moes die blankes egter veel versigtiger optree omdat hulle gedugter teenstanders was.

Die houding van die Vrystaat teenoor die omliggende inboorlingstamme oor die algemeen, word ook duidelik in dié botsing met Witsie weerspieël. Na afloop daarvan het pres. Boshof hulle beleid soos volg gestel: „Witsie en zijn geheele aanhang is verstrooid geworden, en heeft aan vee zulk een groot verlies geleden, zoowel als aan manschappen, dat het te hoopen is de straf over hen uitgeoefend als een exempel mogt verstrekken aan andere volkstammen, en dat zij zullen geleerd hebben, dat hoewel de Regering en de Burgers van den Vrijstaat, lang en veel verdragen, en ongaarne het swaard trekken, doch eens daartoe gedreven wordende wanneer verdraagzaamheid alleen de uitwerking heeft om de overtredingen te doen vermenigvuldigen en te vergrooten, dat het dan niet weder in de schede gestoken wordt, voor dat aan de getrotseerde, verongelijkte, en geruineerde Burgers volkomen regt gedaan is, en de magt van hunne vyanden geheel gefnuikt.

ZHEd. heeft met leedwezen deze gestrenge gevolgen over Witsie en zijn Volk gezien, doch heeft het niet mogen tegengaan, cvertuigd zijnde dat iets minder alleen zou hebben gestrekt om spoedig weder dezelve overtredingen herhaald te zien, en eene voortdurende onrust en kwelling op onze grenzen geen ander gevolg kan hebben dan de verlating van dezelve”.³⁷

36. *S.A. Argiefstukke, O.V.S. II: Volksraadsnotule*, 6.9.1856, p. 39.

37. *The Friend*, 2.8.1856: Gouvernements Kennisgeving.

Dié houding van die blankes teenoor die inboorlinge mag miskien as ongenaakbaar en drasties vertolk word, veral in die lig van die byna totale verdrywing van Witsie se stam en die vernietiging van hul landerye en woonplekke. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die blankes nie die aggressor was nie. In die geskiedenis van die Vrystaat sou dit telkemale die inboorlinge wees — soos in die geval met Witsie — wat die blankes se vee steel, en hul gebiedsintegriteit skend, en die blankes verplig om hulle regte te verdedig. En in pioniersomstandighede, soos wat op die Vrystaatse grense in dié jare geheers het, het die „wet van die grens” gegeld: die sterkere was baas en het sy gesag laat geld.

Die eiegeregtigde optrede van die burgers tydens die eerste fase van die stryd teen Witsie, verdien verdere aandag. Ook dit moet nie as 'n geïsoleerde geval beskou word nie, want tydens latere veldtogte o.a. teen die inboorlinghoofman Kousop en die Basoeto (die oorlog van 1858), het van die burgers weer geweier om hulle aan militêre dissipline te onderwerp. In plaas van die veldtog te voltooi, het hulle halfpad omgedraai, die staat in 'n groot gevaar en pres. Boshof in groot verleentheid gestel. Eiebelang is hier nog bo die algemene belang gestel. Dié houding van sommige burgers van die Vrystaat, was skynbaar inherent aan die Afrikaner trek- en grensboer, want vóór die jare was dit reeds by die trekboer-gemeenskap waarneembaar.³⁸ Omdat Witsie se onderdane te swak en ongeorganiseerd was, het dié optrede die Vrystaat geen skade berokken nie. Pres. Boshof kon hom egter met derglike ongedissiplineerde optrede nie versoen nie.

Dr. H. J. van Aswegen.

38. Sien in dié verband McCrone, I. D., *Race Attitudes in South Africa*, pp. 108-110, asook Van der Merwe, P. J., *Trek*, pp. 97-98.